VERSLAG VAN DIE MODERAMEN BYLAAG 11

REGLEMENT VIR TAAKSPAN KERKLIKE MAATSKAPPYE

1. NAAM

Algemene Taakspan Kerklike Maatskappye

2. ALGEMEEN

2.1 Die drie maatskappye van die Algemene Sinode: Bybel-Media, CLF en Hugenote Kollege funksioneer onafhanklik van mekaar, elkeen volgens sy eie akte van oprigting/memorandum van inkorporasie
2.2 Elke maatskappy doen direk aan die ASM en die Algemene Sinode verslag

3. SAMESTELLING EN FUNKSIONERING

3.1 Die Algemene Taakspan Kerklike Maatskappye word saamgestel uit twee afgevaardigdes van elk:
3.1.1 Bybel-Media
3.1.2 Hugenote Kollege
3.1.3 die Christelike Lektuurfonds (CLF)
3.1.4 die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) (waarvan die algemene sekretaris een is)

4. OPDRAG

4.1 die Algemene Taakspan Kerklike Maatskappye:

- belyn, waar nodig, die werksaamhede van die maatskappye met die strategiese doelwitte van die Algemene Sinode
- ondersteun die drie maatskappye in hulle mandate om die kerk te bedien
- dien as primêre kommunikasie platform tussen die maatskappye onderling, asook met die Algemene Sinode

5. FUNKSIONERING

5.1 Die Algemene Taakspan Kerklike Maatskappye:

- is ‘n platform waar koördinering, samewerking en sinergie tussen die drie maatskappye bevorder word
- doen verslag aan die ASM en die Algemene Sinode

6. VERGADERINGS

6.1 Die Algemene Taakspan Kerklike Maatskappye vergader minstens een keer per jaar
6.2 ‘n Kworum is meer as die helfte van die taakspan
6.3 Behoorlike kennisgewing van elke vergadering moet aan al die lede gegee word
6.4 Elke entiteit wat op die taakspan verteenwoordig word neem verantwoordelikheid vir sy eie afvaardiging se reis- en verblyfkoste.